## 'N PRESIDENT VERPAND SY BESITTINGS VANWEË SY FINANSIËLE BELEID

Sekere aspekte van die beleid van M. W. Pretorius, wat in Januarie 1857 gekies is tot eerste president van die Suid-Afrikaanse Republiek, is goed bekend. Op politieke gebied het hy hom onderskei deur sy hardnekkige pogings om die Transvaal en die Oranje-Vrystaat onder één republikeinse vlag saam te snoer. Op ekonomiese gebied het hy durf en daad aan die dag gelê deur sy onvermoeide ywer om, ter bevordering van die handel, deur te breek na die see en 'n eie hawe vir sy vaderland aan die Ooskus te bekom. Dis tragies in die loopbaan van hierdie staatsman dat hy so min sukses behaal het. 'n Mens wonder soms of die nageslag hom genoeg waardeer as grondlegger van die vernaamste Boerestaat in die neëntiende eeu.

Ons wil hier kortliks stilstaan by die finansiële aspek van sy beleid wat ewe min vrug opgelewer het. Volgens die grondwet moes die president jaarliks 'n begroting van inkomste en uitgawe by die Volksraad indien. Daarin moes hy ook aandui hoe hy tekorte wou dek en oorskotte wou bestee. Die inkomste van die verskillende distrikte moes ook in die sentrale skatkis gestort en hul uitgawe daaruit betaal word. Solank as wat daar geen landsbank bestaan het nie, moes die skatkis in die huis van die president gehou word.

In die pasgestigte Suid-Afrikaanse Republiek het ontsettende geldskaarste geheers. Dit kan 'n mens natuurlik in enige on-ontwikkelde land verwag. Die probleem is vererger deur die traagheid van die burgers om belasting te betaal, en oor middele om betaling af te dwing het die regering nie beskik nie. Die staat was verplig om sy toevlug te neem tot lisensiegelde, boetes en die verkoop van staatsgrond. Gelukkig was die staatsuitgawe aanvanklik baie klein en uitsluitlik beperk tot die bevrediging van primêre behoeftes soos die besoldiging van amptenare, die aankoop van wapens en ammunisie, die bou van paaie, die oprigting van openbare geboue en die bevordering van onderwys. Maar Pretorius was 'n idealis. Na sy smaak het die beskawingspeil van sy vaderland te stadig gestyg en in die sestiger jare neem hy sy toevlug tot grootse ondernemings. Dat die pogings om sy planne te verwesenlik 'n verreikende invloed op die Republiek se finansies sou hê, het hy miskien nie heeltemal besef nie, maar hom in elk geval ook nie veel daaroor bekommer nie. Soos die groot meerderheid van sy medeburgers was hy 'n kind van die natuur, gestaal deur die ontberings in die wildernis, maar met min skoolopleiding en met baie min, indien enige, kennis van die finansiële struktuur waarop die administrasie van 'n moderne staat gerus het. Hy sou nou in aanraking kom met die westerse kapitalisme wat so vinnig opgang gemaak het in die neëntiende eeu as gevolg van die Industriële Rewolusie.

Dit is baie jammer dat die Suid-Afrikaanse Republiek in sy beginjare nie beskik het oor die dienste van 'n bekwame finansiële deskundige wat Pretorius met raad en daad kon bystaan nie. Dit sou ongetwyfeld 'n heil-

same invloed op die president se politieke loopbaan gehad het. Omdat daar feitlik geen geld in die land was nie en die Republiek geen krediet gehad het nie, is reeds in 1857 daaraan gedink om papiergeld uit te gee. Dit het egter nie gebeur nie. Die regering het liewer sy toevlug geneem tot die uitreiking van mandate (skuldbewyse). Nie alleen die sentrale regering nie maar ook die landdroste het mandate uitgereik. Dit is nie bekend hoeveel die mandate bedra het nie. In 1864 het Pretorius opdrag gegee dat die houers van die mandate hulle by die regering moes aanmeld sodat vasgestel kon word hoe groot die staatskuld was. Die probleem in verband met die mandate was dat hulle ongeldig was as ruilmiddel en dat alleen die staat hulle kon aanvaar. In 1865 het die amptenare geweier om hul salarisse in mandate te ontvang omdat hulle daar niks mee kon doen nie. Teen die einde van dieselfde jaar het die regering die verdere uitreiking van mandate beëindig. Terselfdertyd is die president deur die Volksraad gemagtig om papiergeld tot 'n bedrag van 140,000 riksdaalders met staatsplase as sekuriteit uit te gee. In die volgende jaar is die riksdaalders vervang deur pondnote ter waarde van £ 12,000. In 1867 is nog note ter waarde van £ 20,000 uitgereik. Dit is gevolg deur 'n verdere bedrag van £ 46,000 aan note. Hierdie bedrae was gans te veel vir 'n onontwikkelde land soos die Transvaal. Die gevolg was dat die geld driekwart van sy koopkrag verloor het en dat die toevlug weer geneem is tot ruilhandel. Die toestand het so ernstig geword dat die staatsamptenare gedreig het om te bedank.

Dit moes juis so tref dat Pretorius in die vroeë sestiger jare, toe die Suid-Afrikaanse Republiek t.o.v. finansies 'n barre woestyn was, kennis maak met 'n ander „idealis", 'n Skotse kapitalis en avonturier, ene Alexander McCorkindale, wat só 'n gunstige indruk op die president gemaak het dat daar spoedig persoonlike vriendskapsbande tussen hulle ontstaan het. McCorkindale het na die Transvaal verhuis met die doel om homself daar te verryk en, soos enige nugterdenkende sakeman, besef hoeveel dit vir hom sou beteken as hy die agting en vertroue van die staatshoof, kon wen. Besonder interessant is die rol wat Pretorius se dogter gespeel het as skakel tussen haar vader en die geldbaas. Die Skot het die kuns verstaan om te vlei. Die grootste meer op sy grond moes „Lake Chrissy"[1] genoem word om haar te vereer. In 'n privaat brief aan die president d.d. 15 Julie 1867 noem hy haar ‚my most and only valuable I have on earth".[2] Ook het hy onderneem om 'n klavier vir haar uit Brittanje te bestel. Of sy dit ooit gekry het, weet ons nie. In 1868 neem hy haar saam na Brittanje om haar die wêreld te laat sien. Aan boord die skip rig hy 'n skrywe aan Pretorius waarin hy hom meedeel dat Chrissie se gesondheid verbeter het en dat sy die vakansie baie geniet. Dan voeg hy by: „My wife puts her in the way of mental improvement both with books and society of her own age and sex".[3] Tot die dag van sy dood wou nóg Chrissie nóg haar vader enige kwaad in die Skot sien.

1. McC. Boedelpapiere, Band I.
2. McC. Boedelpapiere, Band I.
3. McC. Boedelpapiere, Band I.

Pretorius en McCorkindale het saam talle planne beraam om die Republiek in 'n welvarende staat te omskep. Hulle wou 'n hawe bou aan die Ooskus; hulle wou landbou en veeteelt bevorder; hulle wou die verkeersweë uitbrei; hulle wou myne ontgin en fabrieke bou; hulle wou 'n leningsbank oprig; hulle wou die mediese en opvoedkundige dienste verbeter; hulle wou die posdiens hervorm; hulle wou die regspleging op 'n gesonde grondslag plaas; hulle wou 'n administrateur van geldmiddele aanstel; en hulle wou £ 250,000 vir die Republiek in die buiteland leen.[4] Aanvanklik het die beoogde hervormingsmaatreëls die seën van die volk weggedra, in so 'n mate selfs dat Pretorius teen die einde van 1866, toe hy 'n aantal van die Skot se voorstelle breedvoerig in die Volksraad verduidelik het, soveel eer en roem ingeoes het as wat enige staatshoof maar kan begeer. Bewys hiervan was die vertroue wat die Volksraad op hierdie tydstip in die President gehad het. Dit blyk o.m. uit die adres wat hulle hom aangebied het met sy verjaarsdag op die 17de September. Ons haal net die volgende daaruit aan: „Het is den Volksraad byzonder aangenaam u H.Ed. na twee jaren, op dezen dag op den regten tyd en wettige plaats hier tegenwoordig te zien, bezielt met allen yver en belangstelling voor het heil van Staat en Kerk, waarvan de laaste dagen de duidelykste bewijzen hebben geleverd. Het is de opregte welmeenende wensch van den V.R. dat de Republiek zich noch vele jaren in het bezit van u H.Ed. als den in den bloei en vooruitgang van de Republiek zoo zeer belangstellende President, zal mogen verheugen; verzekerd dat de Republiek er eene eer in zal stellen een man aan het hoofd van het bestuur te hebben, door wiens onvermoeide yver voor het algemeen belang, de Staats zelfs ook buitelands in naam en aanzien begint toe te nemen. De V.R. neemt deze gelegenheid te baat u H.Ed. de verzekering te geven dat de V.R. ten alle tyde genegen zal zyn u H.Ed. alle ondersteuning te geven in zaken die kunnen strekken om den bloei en welvaart, van Land en Volk te bevorderen".[5] 'n Mens kan voel dat hierdie taal nie sommer koue pligpleging was nie. Die president het ook nog persoonlike gelukwensinge ontvang van die kommandant-generaal; die landdros van Lydenburg; ds. Swart, die plaaslike predikant, en ds. Cachet, leraar van die gemeente van Utrecht. Op al die goeie wense het hy geantwoord „in zeer warme en gevoelige taal waarin Z.H. Ed's hooge belangstelling in den welvaart van Staat en Kerk ten sterkste uitblinkt".[6] Met 'n vreugdekreet ter ere van die staatshoof en sy eggenote het die Volksraad verdaag en het drie daartoe gekose lede die hooggeëerde egpaar na hul huis begelei.[7]

President Pretorius se val het byna so skielik soos dié van Napoleon Bonaparte gekom, want van al die goeie voornemens het net genoeg tereg gekom om hom in finansiële ellende te dompel en sy tekortkominge sterk aan die lig te laat tree. Hy sou natuurlik geen vennoot in enige van die

4. Vgl. Van der Walt, *Alexander McCorkindale en sy verhouding tot die Suid-Afrikaanse Republiek*, M.A. verhandeling (Onuitgegee), P.U.K. 1944.
5. V.R.B., Art. 76 in *Staats Courant No. 169*, Vol. IX.
6. Ibid., V.R.B., Art. 81.
7. Ibid.

beoogde ondernemings wees nie, hoewel die Skot hom eenkeer genooi het om hom op sy plaas te kom besoek ten einde planne te bespreek wat 'n groot som geld in sy privaat sak sou bring. Oneerlikheid sou egter nie die oorsaak wees van die vernedering wat die president moes ondergaan nie, maar sy gebrek aan ervaring en die feit dat hy sy medemens te veel vertrou het.

Reeds etlike jare voor die verskyning van McCorkindale op die toneel het dit met die finansiële administrasie van die Republiek nie na wense gegaan nie. In 1860 verklaar 'n kommissie, wat die Volksraad aangestel het om die finansies van die staat te ondersoek, dat die kasboek ongereeld en onvolledig gehou word en dat die landdroste se boeke in 'n chaotiese toestand verkeer. In 1867 het die poppe gedans! Soos ons weldra sal aantoon, het 'n aantal gewigtige ooreenkomste wat teen hierdie tyd met McCorkindale gesluit is, veel daartoe bygedra om sake te vertroebel. Op 10 September het die Volksraad 'n kommissie benoem „tot het nagaan der geldelyke zaken van Z.H.Ed. den Staatspresident voor het afgelopen jaar".[8]

Dit het hierdie finansiële kommissie meer as twee maande geneem om hul taak af te handel. Ons hoef die rede nie ver te soek nie: die finansies van die staat is in 'n ongelooflike wanorde gevind. So bekommerd was die Volksraad oor die toestand dat die voorsitter van die kommissie op 29 Oktober versoek is om voorlopig mondeling verslag te doen van hul bevindinge sodat daar so gou doenlik opgetree kon word.

In 'n interessante dog bytend-sarkastiese rede het die voorsitter aan die versoek voldoen. Hy het verklaar dat die kommissie H. van der Linden, die tesourier-generaal, om sy kas- of dagboek gevra het. Hy het geantwoord dat hy so 'n boek nie aangehou het nie, maar 'n ander boek tevoorskyn gebring waarin enkele verslae en rekenings voorgekom het. Daaruit kon die kommissie niks wys word nie. Gevolglik het hulle besluit om „dat boek, vol van dwalingen en misslagen, waarop de Commissie slechts hun tyd verspilde"[9] voorlopig tersyde te stel en Van der Linden aan te sê om alle boeke, dokumente, rekenings en kwitansies wat betrekking gehad het op die inkomste en uitgawe van die afgelope diensjaar te oorhandig. Daarop het die kommissie twee boeke en verskeie pakette en bondels papiere ontvang. Op die vraag of hy niks teruggehou het nie, was die antwoord kortaf: „Dit is alles wat ik heb." Omdat hulle dit ewe nutteloos gevind het as die eerste boek wat hulle ter insae gekry het, vra hulle hom voorts of hy dan geen salarisboek aangehou het nie. Sy antwoord was: „Neen, in myn tyd is zulks nooit geschiedt." Hierdie antwoord het 'n verdere vraag uitgelok: „Hoe weet u dan dat de ambtenaren hun salaris ontvangen hebben, òf te veel òf te min?" Ewe kalm kom die antwoord: „Ja, laat ze my dat vragen, dat zal ik hun altoos wel vertellen, doch een boek daarvan heb ik nimmer gehouden".[10]

8. V.R.B., Art. 4, *Staats Courant No. 217*, 18 September 1867.
9. E.V.R. 7, V.R.B., Art. 118, 29 Oktober.
10. Ibid.

Die res van die voorsitter se mondelinge verslag bevat dergelike ernstige beskuldigings. Onder die warboel van papiere wat aan die kommissie oorhandig is, het hulle o.a. 'n sogenaamde „Noten Boek" ontdek. Daarin het hulle gevind dat Van der Linden aan homself £ 800 vir salaris uitbetaal het sonder enige aanwysing of daardie salaris getrek of bereken is oor 'n tydperk van een maand of tien jaar, want nêrens is dag nog datum aangeteken nie. Die kommissie was gevolglik nie by magte om vas te stel of die tesourier op nog salaris geregtig was nie dan wel of hy alreeds te veel ontvang het. Die slotsom waartoe die kommissie op hierdie stadium gekom het, was dat die tesourier in die afgelope diensjaar meer as £ 30,000 op 'n onbehoorlike en onverantwoordelike wyse uitgegee het.[11]

Die bevindinge van die finansiële kommissie is 'n rukkie later bevestig deur die begrotingskommissie van die Volksraad wat vasgestel het, nie alleen dat die staatskuld reeds op 1 Augustus 1867 £ 30,000 bedra het nie, maar, wat nog meer onrusbarend was, dat die uitgawe van die staat die inkomste jaarliks met £ 15,000 oortref het.[12]

Nadat die Volksraadslede van hul ergste skok herstel het, is besluit om op staande voet van die president 'n verklaring te eis oor die stappe wat hy gaan doen om die toestand die hoof te bied. Die vertroue van die groot meerderheid van die lede in Pretorius was erg geskok en selfs die skorsing van die tesourier-generaal kon nie weer die breuk herstel nie. Verdere botsings kon dus nou verwag word en het dan ook spoedig gevolg.

Op 4 November is 'n brief van Alexander McCorkindale, gerig aan die president en die lede van die Uitvoerende Raad, in die Volksraad ter tafel gelê. Dit eindig soos volg: „Ik neem de vryheid hierby te vragen dat de Republiek zal ontvangen of ontvangen heeft de zom van £ 8,000 van ons geld, en jaarlyks £ 300 van ons recognitie zal ontvangen".[13] Hierdie brief het die Raad 'n gulde geleentheid gebied om al die finansiële verpligtings van die Skot teenoor die Staat deeglik te laat ondersoek. Die taak is opgedra aan 'n kommissie van drie lede onder leiding van Bührmann. Vir die tweede keer sou die Raad tot 'n bittere ontnugtering moes kom, maar voordat die verslag van hierdie kommissie gereed was, het daar reeds 'n hewige stryd ontbrand tussen Pretorius en die Volksraad. Aanleiding daartoe was die skriftelike verslag van die finansiële kommissie wat die mondelinge mededelings van hul voorsitter opgevolg en breedvoerig daarop uitgebrei het.

Op 28 November moes 'n ernstige beskuldiging teen die president onder bespreking kom. Die finansiële kommissie het in hul verslag daarop gewys dat die Volksraad op 5 April 1866 die bedrag vasgestel het wat die president toegelaat sou word of in geldnote uit te gee in die volgende finansiële jaar. In stryd hiermee het die president eiegeregtiglik 'n verdere bedrag gelykstaande aan £ 1,370 sterling in sirkulasie gebring. Na alles wat reeds gebeur het, kan ons begryp hoe ontevrede die Raad gevoel het.

11. Ibid.
12. E.V.R. 7, V.R.B., Art. 383, 10 Maart 1868.
13. E.V.R. 7, V.R.B., Art. 133, 4 November 1867.

Met enkele teenstemme is besluit om die saak in die hande van die staatsprokureur te stel en hom te versoek om streng volgens wet op te tree. Die president was platgeslaan en het die volgende dag sy bedanking ingedien. Bitter-verwytend skrywe hy aan die Raad dat die baie onaangenaamhede en vernederings waaraan hy onderwerp is, 'n droewige teenhanger van die hulde aan hom bewys by sy inswering en volgens sy beskouing veelal 'n uitvloeisel van persoonlike griewe.[14]

Vir die Volksraad het die bedanking van die president as 'n groot verrassing gekom. Die algemene gevoel was dat hy die saak te ernstig opgeneem het en dat sy bedanking nie aanvaar moes word nie. Na langdurige bespreking is besluit om 'n beroep op hom te doen om sy bedanking terug te trek. In die brief waarin Pretorius aan die versoek gehoor gee, verklaar hy dat dit vir hom onaangenaam was om die opmerkings te hoor wat lede van die Raad gemaak het oor die wyse van sy administrasie. Hy was nou egter oortuig daarvan dat die burgers van die Suid-Afrikaanse Republiek, soos verteenwoordig deur die Raad, nog die vertroue in hom besit het wat hulle gehad het toe hy sy amp as president in 1864 aanvaar het. Hy het wel nie die opvoeding gehad waarmee sekere lede van die Raad ver bo hom bevoorreg was nie, maar hy het tog die talente wat aan hom geskenk was na die beste van sy vermoë in diens van sy volk gebruik. As dinge in die verlede nie altyd ordelik gegaan het nie omdat hy te toegeeflik was, belowe hy om die ondervinding wat hy gedurende daardie raadsitting opgedoen het, in die toekoms nuttiglik te gebruik.[15] Die Raad het hierdie brief met dank aangeneem en die vrede is herstel, maar slegs vir 'n paar dae.

Op 7 Desember het die McCorkindale-kommissie sy verslag ingedien. Op dieselfde dag het die Raad ook 'n brief van die President ontvang waarin hy verklaar dat hierdie kommissie weier om sekere dokumente wat hy dringend nodig het aan hom terug te besorg. Hy wil weet wat hom nou te doen staan. Daar is besluit dat die president nie weer enige dokumente wat op McCorkindale betrekking gehad het, ter insae sou kry nie, en dat die Raad sou verdaag tot Februarie van die volgende jaar wanneer die bevindinge van die McCorkindale-kommissie breedvoerig gehandel sou word.[16]

Op 20 Februarie 1868 is die Volksraad byeen om te verneem hoe dit met die McCorkindale-aangeleenthede gesteld is. Eers is die verslag in sy geheel gelees en daarna artikelsgewyse behandel. Die heel eerste artikel is alweer 'n bitsige aanval op die finansiële administrasie van Pretorius. Volgens 'n ooreenkoms wat hy op 5 Oktober 1864 namens die Staat met McCorkindale aangegaan het, moes lg. aan hom oorhandig wissels op Londen ter waarde van £ 1,000 as waarborg dat hy sy deel van die kontrak behoorlik sou uitvoer. Die kommissie verklaar dat McCorkindale tot op hede nog nie sy verpligtinge, soos vasgelê in daardie ooreenkoms, nagekom

14. E.V.R. 7, V.R.B., Art. 216, 29 November 1867.
15. E.V.R. 7, V.R.B., Art. 235, 5 Desember 1867.
16. E.V.R. 7, V.R.B., Art. 247, 7 Desember 1867.

het nie en tog is die wissels, wat as waarborg moes dien, nie in besit van die Staat nie. Wat het daarvan geword? Daar is selfs nie die minste aantekening in die regeringskantore van ontvangs of teruggawe van die wissels nie. Die kommissie het toe ontdek dat Van der Linden, die toenmalige tesourier, op mondelinge bevel van die staatspresident, die wissels aan McCorkindale teruggegee het. Op hierdie wyse, verklaar die kommissie, is aan die Republiek groot skade berokken want die som kon baie jare gebruik word sonder rente. Hulle is egter die meeste ontstel oor die feit dat daar nou geen dwang op McCorkindale uitgeoefen kon word om sy verpligtinge na te kom nie. Op hierdie verklaring van die kommissie het die Volksraad besluit om die president persoonlik verantwoordelik te hou vir sy verregaande wanadministrasie en om van hom onmiddellik 'n waarborg te eis vir die som van £ 1,000 ,synde die bedrag van die wissels aan McCorkindale teruggegee.[17]

Die kommissie moes voorts tot die ontnugtering kom dat daar geen bewys bestaan het dat twee maatskappye, wat McCorkindale reeds geruime tyd gelede volgens ooreenkoms met die Staat in die lewe sou roep, ooit tot stand gekom het nie. Soos begryp kan word, het die Volksraad hierdie verklaring in 'n baie ernstige lig beskou en Pretorius opdrag gee om met die volgende sitting van die Raad die bestaan van die maatskappye met vers en kapittel te bewys.[18]

Die kommissie het verder bevind dat Pretorius, sonder enige bewys dat bg. maatskappye nie slegs in die verbeelding van McCorkindale bestaan het nie, reeds aan hulle altesaam 198 regeringsplase afgestaan het. Een van die maatskappye het tot dusver £ 140 aan belasing op die grond betaal. Dit het die kommissie egter nie geluk om uit te vind wanneer en vir welke tydperk die belasting betaal is nie. Daar was ook nie die minste aanduiding in die boeke van die tesourier dat die geld ten behoewe van die Republiek gebruik is nie. Wat die saak nog meer ingewikkeld gemaak het, was die feit dat die president alreeds dieselfde plase tot 'n bedrag van 140,000 riksdaalders verpand het, dat daar verskeie plase was waarop ook aanspraak gemaak is deur ander burgers van die Republiek, en dat die aanwysing, opmeting en inspeksie van die grond nie volgens gewoonte in die staatskoerant bekend gemaak is nie. Vir die Volksraad was dit moeilik om rigting te vind in hierdie doolhof. Uiteindelik is met meerderheid van stemme besluit om die transport van 78 van die plase, bekend as Londina, op naam van een van die maatskappye ongeldig te verklaar. Een lid het daarop gewys dat die Raad 'n baie gewigtige stap gedoen het wat verreikende gevolge kon hê omdat 'n transport volgens wet alleen deur 'n Hoggeregshof vernietig kon word. Hy het betoog dat as die Volksraad homself die reg toe-eien om 'n transport te kanselleer, die burgers van die Republiek geen waarborg sou besit dat hulle nie onteien kon word nie. Die Raad het egter in sy houding volhard en die president opdrag gegee

17. E.V.R. 7, V.R.B., Art. 292, 21 Februarie 1868.
18. E.V.R. 7, V.R.B., Art. 193, 21 Februarie 1868 en Art. 304, 24 Februarie 1868.

om die hele Londina as sekuriteit te laat registreer vir 5 en 10 riksdaalder-note.[19]

Die volgende beswaar van die kommissie staan in verband met die reedsgenoemde ooreenkoms van 5 Oktober 1864. . Daarin is uitdruklik bepaal dat die president en McCorkindale aan die voet van die dokument met hul naamtekeninge die datum moes bekragtig waarop die kontrak van krag sou word. Na verloop van twee jaar was nog nie aan daardie eis voldoen nie en die kontrak kon dus nie as geldig beskou word nie. In die tussentyd het McCorkindale namens die maatskappye die koopsom·op die plase afbetaal soos dit hom die beste gepas het. Waar die staatskas reeds £6,000 van hom kon ontvang het as die kontrak in 1864 in werking getree het, was teen die einde van 1867 nog maar £1,600 afbetaal. Op hierdie wyse het hy ook belastings ontduik. Die onthutste Volksraad het die president aangesê om dadelik die saak in die reine te bring.[20]

Nog het die einde van die felle kritiek op Pretorius se finansiële administrasie nie gekom nie. Die volgende aan die beurt was 'n akte wat McCorkindale verbind het om 'n handelsbank in die Republiek op te rig. Dit het die kommissie al vreemd voorgekom dat McCorkindale die Engelse teks van die akte net gedeeltelik geteken het sonder egter om die voet daarvan te teken tot algehele verbindtenis, maar hulle was nog baie meer verbaas om te vind dat hy die Hollandse vetaling daarvan glad nie geteken het nie. Volgens 'n bepaling van die akte moes die eienaars van die bank £12,000 aan die Republiek betaal. Dit het nie gebeur nie. Die wyse waarop MsCorkindale die akte omseil het, het die kommissie tot die gevolgtrekking laat kom dat hy nooit enige plan gehad het om die bank die lig te laat sien nie. Die Volksraad was radeloos en het besluit om die akte wat hulle reeds op 5 Oktober 1866 goedgekeur het as van nul en gener waarde te beskou en dat die bank nie opgerig sou word nie omdat aan die voorwaardes nie voldoen is nie. Verder sou die verpanding van bykans 200 regeringsplase met die doel om die instandhouding van -die bank te waarborg, vernietig word.[21]

Onder die velerlei wantoestande wat nog in die verslag genoem word, meld ons kortliks die volgende: Die president het drie kommissies uitgestuur om die maatskappye se plase aan te wys en te inspekteer. Daar is in sy kantore geen aantekening gehou van die onkoste wat hiermee gepaard gegaan het nie. Dit is betreurenswaardig want dit is nie genoeg om te weet dat £8,000 in die staatskas gestort sou word nie maar „men moet ook de uitgaven voor zulk eene zaak bekend zyn, om daardoor te weten te komen of de Republiek waarlyk door dien verkoop bevoordeeld is". Die kommissie moes ook tot hul ontsteltenis ontdek dat McCorkindale sy skulde aan die Republiek in note en mandate betaal, terwyl hyself klinkende munst ge-eis het vir enige uitbetaling wat aan hom gemaak is vir die lewering van kruit en ander ammunisie. Die kommissie stel die vraag:

19. E.V.R. 7, V.R.B., Art. 323, 27 Februarie 1868.
20. E.V.R. 7, V.R.B., Art. 322, 27 Februarie 1868.
21. E.V.R. 7, V.R.B., Art. 328, 29 Februarie 1868.

Waarom moet die reeds so verarmde Republiek altyd die lydende party wees? In hierdie verband verklaar die kommissie verder dat tevergeefs pogings aangewend is om die volle bedrag vas te stel wat die Staat nog aan McCorkindale verskuldig was vir bestellings uit die buiteland. Hulle het die Volksraad aangeraai om 'n verklaring van die president te eis. Wetende hoe vrugteloos dit sou wees, het die Raad liewer die saak na die begrotingskommissie verwys.[22]

Voordat die kommissie hul verslag afsluit, bring hulle dit onder die aandag van die Raad dat McCorkindale hulle met die grootste minagting behandel het as hulle ampshalwe met hom in verbinding moes tree. Hulle eindig met die versoek aan die Raad om hul verslag met alle dokumente, briewe en verklarings wat daarop betrekking het, te laat druk en publiseer sodat die volk op hoogte kon kom met die jammerlike toestand van sake.[23]

Die staatshoof het hom ongetwyfeld nie in 'n benydenswaardige posisie bevind nie. Geen genade is betoon nie. Die sweer is oopgesny en die kwaad tot by die wortel blootgelê. Alhoewel hy nie vry te spreek is nie, voel 'n mens tog jammer dat 'n man wat dit so goed bedoel het en met soveel ywer besiel was om sy vaderland te dien, tot in die grond verneder moes word. Hy het hom seker op hierdie tydstip bitterlik verwyt dat hy nie aangedring het op sy ontslag toe hy dit 'n paar maande van te vore aangevra het nie. Tog het hy sy kelk nog nie geledig nie.

Dit is die 6de Maart 1868. Die lede van die Uitvoerende Raad is byeen. Aan die orde is die besluit van die Volksraad wat betrekking het op die dadelike borgstelling deur die staatspresident vir die som van £ 1,000, synde bedrag van die wissels deur S.H. Ed. aan die heer McCorkindale teruggegee.

Aangesien die president in die saak betrokke is, neem M. J. Viljoen die voorsitterstoel in. Die president word aan die woord gestel. Hy verklaar dat hy geneë is om die borgstelling te gee en aan die eis van die Volksraad te voldoen „om een einde aan deze voor hem grievende en beleedigende zaak te maken". Op die vraag wat hy as sekuriteit wens te stel, antwoord hy dat hy bereid is om sy persoon en goedere, roerende en onroerende, as waarborg te stel, daarvan 'n akte te laat opmaak en te laat registreer en deponeer in die kantoor van die registrateur van aktes. Die goedere hierbo gemeld sluit in: 'n halwe plaas aan Loopspruit; 'n plaas in die distrik Wakkerstroom; 'n halwe erf met die helfte van die nuwe gebou en stalle op die markplein van Pretoria, en vier aangrensende erwe wat tans ommuur word; al die onbeboude erwe op die dorp Pretoria wat op die kaart kan aangetoon word; 6 erwe op Potchefstroom; 3 waens, 3 spanne osse, 1 perdewa, 7 esels, 1 kar en 2 karperde, 2 ryperde, 3 hingste, 50 aanteelperde, 20 aanteelbeeste, 2 ploeë en 100 skape; verder al sy huisraad sowel te Pretoria as te Potchefstroom, bestaande uit tafels, stoele, ledekante, kaste, klerekaste, beddens met hul toebehoorsels, wakiste, potte, panne, messe, vurke, skottels, borde, en 'n seeppot. Meer

22. E.V.R. 7, V.R.B., Art. 352, 29 Februarie 1868.
23. E.V.R. 7, V.R.B., Art. 364, 5 Maart 1868.

as een lid van die Uitvoerende Raad kon seker moeilik 'n glamlig bedwing terwyl die president die lys van artikels voorlees en as't ware op 'n antiklimaks eindig!

Na deeglike bespreking van die saak en nadat ook die advies van die staatsprokureur ingewin is, het die Uitvoerende Raad besluit om alleen die vaste ware van die president as sekuriteit aan te neem, aangesien sowel die plase as erwe volgens verklaring van die eienaar onbelas was. Die Raad het ook bygevoeg dat hulle nie die verantwoordelikheid aanvaar vir die nietigheid van die saak of vir die gevolge wat daaruit mog voortspruit nie.[24]

Soos verwag kon word, was Pretorius na hierdie gebeurtenis meer op sy hoede wat die staat se finansies betref. Veral het hy moeite gedoen om die McCorkindale-aangeleenthede nou op 'n gesonde grondslag te plaas. Hy het die Skot aangesê om die voet van die ooreenkoms van 5 Oktober 1864 so gou moontlik te kom teken, en verder om 'n gespesifiseerde rekening in te lewer waarop noukeurig aangedui word alle bedrae wat hy van die Staat te vorder het. Later het hy ook van hom die aktes ge-eis waarvolgens die maatskappye, wat voorheen genoem is, tot stand gekom het.[25]

Een saak het die president egter voortdurend gehinder: Hy kon maar nie berus by die Volksraadsbesluit waarvolgens die grondbriewe van Londina ongeldig verklaar is nie. Hy het hom voortdurend beywer om daardie besluit herroep te kry. Die vriendskapsband tussen die Pretorius-gesin en die McCorkindale-gesin was ongetwyfeld 'n belangrike motief in hierdie verband. In 'n openingsrede voor die Raad op 14 September 1868 het hy daarvoor gepleit dat die betrokke besluit heroorweeg moes word, en as rede aangevoer dat die Raad se optrede teenoor McCorkindale daartoe gelei het dat die land se krediet en die koers van die geldnote in die buiteland baie gedaal het. Die Raad was egter nog glad nie versoen met die Skotse kapitalis nie en die president se versoek is van die hand gewys. As McCorkindale se saak reg was, het hulle gemeen, het die weg vir hom oopgestaan om geregtelike stappe teen die Staat te doen.[26]

Aan die begin van die volgende jaar het daar 'n baie beter verstandhouding ingetree tussen die president en die Volksraad, terwyl ook McCorkindale weer in aansien gestyg het. Die rede hiervoor was die aantreklike haweskema waarmee die Skot in April en Mei van 1869 voor die dag gekom het. Hiervan het Pretorius gebruik gemaak om weer die saak van die grondbriewe na vore te bring. En nou het hy baie groter sukses behaal. Nie alleen is sy privaat eiendom vrygestel van die verpanding waaronder dit geplaas was nie, maar ook het die Skot die reg gekry om die grondbriewe (wat nog al die tyd in sy besit was) te behou. Die Raad het selfs so ver gegaan om die president vry te spreek van die blaam wat hulle in die saak van die wissels op hom gewerp het.[27] Pretorius se triomf was egter maar van korte duur.

24. Uitvoerende Raadsbesluite, 5 en 6 Maart 1868, Art. 10 en 11.
25. Brieweboek van die President, Brief dd. 5 Mei 1869 in verband met U.R.B. van 10 April 1868.
26. E.V.R. 8, V.R.B., Art. 323, 3 November 1868.
27. E.V.R. 8, V.R.B., Art. 62-66, 14 Mei 1869.

In die laat sestiger jare is die eerste diamante in die binneland van Suid-Afrika ontdek. Die finansiële en ekonomiese betekenis hiervan is algemeen besef en blanke sowel as nie-blanke leiers het aanspraak gemaak op een of meer van die streke waar die diamante voorgekom het. Pretorius wat namens die Transvaal die spoeldelwerye tussen die Vaal- en die Hartsrivier ge-eis het, het toegestem om die dispuut deur abritrasie te laat besleg. Asof hy sy kop nog nie genoeg in die sakewêreld gestamp het nie, het die president weer een flater na die ander begaan. Hy het sonder toestemming van die Volksraad 'n akte van submissie onderteken, versuim om die getuienis wat hy voor die arbitrasiehof moes aflê, deeglik voor te berei en selfs dokumente wat sy saak onteenseglik kon bewys, tuisgelaat. Geen wonder dat die Transvaal die betwiste gebied verloor het nie!

Die toorn van die volk was ontstoke oor die onverantwoordelike optrede van hul staatshoof en Pretorius moes die presidentskap vir goed laat vaar. So het hy dan, soos menige volksleier voor en na hom, stil van die politieke toneel verdwyn op 'n oomblik toe regte leiding vir sy volk onontbeerlik geword het. In die Volksraad is soos vroeër geen genade betoon nie. Etlike lede het gesê dat die President lank gelede sy ontslag moes gekry het omdat daar reeds vroeër in die Regering geen vertroue meer bestaan het nie. Die mees beledigende taal is gebruik deur Moodie wat daarop aangedring het dat die staatshoof geen eervolle ontslag sou kry nie, maar eenvoudig van sy pos onthef moes word aangesien „het niet met de eer van den Staat overeenkomt dat Z.H.Ed. M. W. Pretorius de betrekking van Staatspresident langer bekleedt.".[28] Wat 'n bitter ironie dat daar nog steeds na hom as S.H.Ed. verwys word! Ons bewonder die kalmte waarmee president Pretorius dit alles verduur het. Dat hy volkome besef het dat die loop van sake hande uitgeruk het, blyk uit die volgende aanhaling uit die notule van die Volksraadsekretaris: „De Staatspresident zegt dat hy vroeger vanaf 1853 bekwaam was de voorganger van sy volk te kunnen zyn, doch dat de tyden zyn veranderd en hy niet meer instaat is om het land zoo te dienen als het behoort, dat zyne bekwaamheden nu ver te kort schieten en hy zyn ontslag wil aanvragen, doch wil helpen tot zyn laatste uur als de Volksraad aan zyn verzoekt om ontslag voldoet".[29]

Dr. H. R. van der Walt.

*Geraadpleegde werke*

D. W. Krüger, Britse Kolonies en Boere-Republieke (1854-1872), in Van der Walt, Wiid en Geyer, *Geskiedenis van Suid-Afrika, Deel I.*

S. P. Engelbrecht en I. D. Bosman, Federasie en Anneksasie, in Van der Walt, Wiid en Geyer, *Geskiedenis van Suid-Afrika, Deel I.*

S. P. du T. Viljoen, Die Boerestate tot 1870, in Van der Walt, Wiid en Geyer, *Geskiedenis van Suid-Afrika, Deel II.*

*Argivale bronne*

Uitvoerende Raadsbesluite opgeteken in U.R. 2-7.

Handelinge van die Volksraad en Volksraadsbesluite: E.V.R. 6-29.

Staatskoerante, Jaargange 1865-1868 en 1869-1872.

McCorkindale Boedelpapiere, No. 1252 O, Band I-VI.

28. *Staats Courant No. 404,* 5 Desember 1871.
29. Ibid.